

Donderdag 7 Maart – Arthur Fennel saal, Marina Martinique

Geagte lede, dit is met groot dankbaarheid dat ek my Voorsittersverslag aan u voorlê.

1. **MAANDVERGADERINGS** - Die jaar 2019 was 'n waterskeidingsjaar vir KBF. Daar is 'n nuwe Voorsitter, Ondervoorsitter, Administratiewe hoof en Tesourier op die Uitvoerende Bestuur verkies en/of aangestel. Ons het 10 Maandvergaderings gehou waar goeie debatvoering plaasgevind het.
2. **ADMINISTRASIE** – Met die nagaan van die rekords is daar gevind dat die tekenmagte by die bank nog in die naam van 'n vorige Voorsitter, Frans van Eeden, was. Daar is ook vasgestel dat die KBF nog nooit as 'n NPO geregistreer is nie.

Ten einde die tekenmagte te kan verander, vereis die bank dat 'n NPO geregistreer word. Volgens Cipro, wat die registrasies doen, was die KBF se Grondwet nie in lyn met die vereistes van Cipro nie. Mis-kommunikasie met lede deur middel van nuusbriewe en rekenings het aan die lig gekom toe lede navraag begin doen waarom hul niks van die KBF hoor nie. Die aangeleentheid is met ons diensverskaffer van die webtuiste opgeneem en is hopelik nou opgelos.

Die Bestuur het teen Junie die ledegeld verminder ten einde lede aan te spoor om hul ledegeld vir die oorblywende deel van die jaar te betaal. In die jaar 2018 was daar 104 opbetaalde lede.

3. **BEDANKING VAN BESTUURSLEDE** - Die afgelope jaar was ook gekenmerk deur die bedanking van verskeie Bestuurslede, naamlik Gerhardt Fouche, Sonja Geldenhys en Joey Nel. Slegs een plaasvervanger is gekoöpteer, naamlik Leilani Coetsee. Mariza Roux, wat aan die begin van die jaar as Administratiewe hoof aangestel is, het gedurende September met onmiddellike effek bedank.

Leilani Coetsee het aangebied om tydelik waar te neem en is later permanent in die pos aangestel.

4. **SAMEWERKING MET KOUGA MUNISIPALITEIT** - ~~Samewerking met die~~ KM is vir die huidige bestuur baie belangrik. Dit gaan soms maar baie moeilik, maar ons druk deur. Gelukkig is daar 'n oopdeur-verhouding met die Burgemeester en die Munisipale Bestuurder. KBF het 'n leidende rol gespeel in die volgende projekte

- **BigM** met die Kanadese - Hier word die Ondervoorsitter (Dries), Lieb en Leilani bedank vir hulle tyd en opoffering om die vergaderings by te woon.
- **LED Strategiese beplanning**. Die KBF het gedurende Mei verlede jaar met 'n LED konsultantfirma begin onderhandel om 'n Strategiese Beplanningsproses vir die Kouga-streek te doen. Einde ten laaste het die Munisipaliteit in Augustus 2018 tenders uitgesit vir 'n Konsultant. Die goedkoopste tender is aanvaar en toegeken. Na 'n lang gesukkel het die Munisipaliteit die naam van die suksesvolle tenderaar aan ons bekend gemaak. Ons het hierna navraag gedoen oor die firma se suksesse by ander Munisipaliteite en baie negatiewe kommentaar ontvang. Ons bevindinge is onder die Burgemeester se aandag gebring, wie onderneem het om die saak op te volg.
- **Seekoeiriviermond Bestuursplan** – Hier word Lieb Swiegers bedank vir sy rol in die proses om 'n Bestuursplan vir die Seekoeiriviermond opgestel en goedgekeur te kry.

- **Amnestie vir onvolledige Bouplanne Munisipaliteit** – Na vele samesprekings met die Munisipaliteit oor die chaos wat in die Stadsbeplannings Departement geheers het, spesifiek oor die tydperk wat dit neem om planne goed te keur, asook absurde boetes wat gehief is waar bouplanne in die boukantoor nie opgespoor kan word nie, asook onwettige bouwerk, het die Munisipaliteit ingestem tot 'n amnestie-periode waar eienaars hul bouplanne sonder boetes kan gaan regstel.
 - **Voorlegging vir “Incentive Scheme” vir voornemende Beleggers** - Dries het 'n weldeurdagte voorlegging vir die Munisipaliteit opgestel wat deur KBF voorgelê is. Hierdie beleid is egter nog nie deur die Raad geïmplimenteer nie.
 - **Voorleggings vir “Incentive Scheme” vir waterbesparing.** – Ook hier het Dries die leiding geneem om 'n beleidsdokument vir die munisipaliteit op te stel vir toegewings op waterbesparing. Hierdie beleid is egter ook nog nie deur die Raad geïmplimenteer nie.
5. **KWELASE DORP VAN DIE JAAR** – In opdrag van die voormalige Burgemeester, wyle Elza van Lingen, het die KBF leiding geneem dat Jeffreysbaai die kompetisie as “Kwela Dorp van die jaar 2018” kon verower. Die bemarkingswaarde en groei in besoekersgetalle is alreeds sigbaar. Dit het ook gelei tot groter samewerking en trots vir die dorp in al sy gemeenskappe. Dit het die munisipaliteit dan ook aangespoor om 'n spesiale poging aan te wend om al die dorpe in die Kouga streek skoon te maak en te hou.
 6. **PATENSIE DORP VAN DIE JAAR 2019 PROJEK** - Daar is alreeds uitgereik na die gemeenskap van Patensie om die toekenning vir 2019 te verower.
 7. **NETWERKFUNKSIES** - Netwerk funksies is in samewerking met die Toerisme Vereniging en Dorp van Drome gehou waar die KBF leiding geneem het. Fig Tree (40), Seashells (55) Mentorskraal (250) Awethu in Pellsrus (50) en Tappas (260) (Syfers verwys na die persone teenwoordig) Daar is ook 'n baie geslaagde Netwerkfunksie by Potters Place gehou waar Raadslid Brenton Williams (Portefeulje Raadslid oor Finansies en MAYCO lid) die gasspreker was.
 8. **VERWELKOMING VAN VAKANSIEGANGERS** - Leilani Coetsee was behulpsaam by die Verwelkoming van die vakansiegangers asook die “Opening of the Season” en “Oujaarsaandvieringe.”
 9. **LANDBOUWEEKLIKS** – KBF het kontak gemaak met die aanbieders van die Landbouweekliks-program op die kanaal 147. Inligting is bekom vanaf die Humansdorp Ko-op en die Gamtoos Boerevereniging wat deurgegee is na die Produksie Maatskappy.
 10. **GHOLFDAG**- Lieb Swiegers, hoewel hy nie 'n gholfser is nie, het 'n baie geslaagde gholfdag gereël. Baie dankie vir jou bydrae.
 11. **JAARLIKSE DINEE EN TOEKENNINGS – AAND** - As gevolg van 'n verskeidenheid struikelblokke – waaronder finansies en 'n gepaste spreker - is daar besluit dat daar nie vir 2018 'n jaarlikse dinee gehou gaan word nie.

Aan al my Bestuurslede, Baie dankie vir julle bydrae wat julle gelewer het. Daar was soms vurige debatsvoering, maar die kennis en wat julle na die tafel gebring het, het my taak as Voorsitter soveel vergemaklik.

Aan al die lede van KBF wat hier teenwoordig is: Baie dankie vir julle ondersteuning. Enige organisasie is net so sterk as wat sy lede is.

Aan Leilani: Baie dankie vir die reëlings vir vanaand se vergadering.

Die grootste dankie gaan aan ons Hemelse Vader vir die krag en genade om die afgelope jaar die KBF te kon dien. Aan Hom kom al die eer toe vir ons suksesse.

Ek eindig met die volgende woorde:

Ons moet nie vra wat beteken die organisasie vir my nie, maar wat kan ek bydra tot die sukses van die organisasie waaraan ek behoort.

Ek dank u.

Joe Ferreira